

Kabouterliefde

(Vir Simone)

1. Die kabouter met die rooi-rooi pet
2. die kabouter met die geel hemp aan
3. het sy hart gistraand vir my gegee
4. en sy hemp is vir die maan

5. Die hoepelronde blou-blou lug
6. het kadoemps op die grond geval
7. hy't dit blink-blou in sy hand gerol
8. toe speel ons daarmee bal

9. Die sterre met hul wit ligte
10. het geknipooog toe ons lag
11. hul't rondom ons in 'n kring getrek
12. soos 'n laer in die nag

13. Die aandblom het sy trom-trompet
14. geblaas in die warrelwindkring
15. die kalkoentjies met hul rooi mondjies
16. het die sprinkaan-wals gesing

17. Die maan met sy geel lyfie
18. het gaan plat lê op sy rug
19. hy't gaan slaap by die gousblomme
20. met sy boepens in die lug

21. Die kabouter met die rooi-rooi hart
22. het dit self vir my gesê
23. hy't die aardbol oor sy kop gegooi
24. O dis hier waar die liefde lê

Ingrid Jonker

Stylfigure in gedigte

Stylfiguur	Voorbeeld	Verduideliking
Alliterasie: (ook stafrym)	"r" in reël 1, 3, 11, 14, 21; "l" in reël 5, 7; "g" in reël 3, 6.	Opeenhoping van konsonante of beginklanke.
Assimilasie:	Reël 7, 11, 19, 23.	Gedeeltelike of algehele gelykwording van klanke om die by die ritme en die tempo te pas.
Assonansie	"o" in reël 13, "i" in reël 14.	Opeenhoping van vokale.
Elisie	Reël 3 – "gistraand"	'n Letter van 'n woord word weggelaat.
Enjambement.	Die hele gedig.	Die een versreël loop oor na die volgende een sonder leestekens.
Herhaling / Repetisie	Reël 1, 2 en 21 – "kabouter" Reël 1 en 21 – "rooi-rooi" Reël 4 en 7 – "maan" Reël 5 – "blou-blou" Reël 13 – "trom-trompet"	Woorde of versreëls word herhaal om 'n bepaalde effek te kry.
Hiperbool	Reël 5 – hoepelronde blou-blou lug. Reël 7 – blink-blou	Om iets belangrik te maak, word dit heeltemal oordryf.

Stylfiguur	Voorbeeld	Verduideliking
Inversie/Omgekeerde woordorde.	Reël 14 – geblaas in die warrelwindkring i.p.v. in die warrelwindkring geblaas.	Die woorde van 'n versreël word verander om dit wat belangrik is eerste te plaas.
Klimaks en antiklimaks:	Laaste reël	Feite word stygend belangriker of mider belangrik.
Konnotasie / Figuurlik	Reël 4 – Verwys na die geel maan. Reël 5 – Dit het gereën /dou het verksyn. Reël 6 – Hulle het in die reën / met die dou gespeel. Reël 10 – Die sterre het gefikker. Reël 11 – Dit het nag geword rondom hulle met die sterre in die lug. Reël 13 en 14 – Die aanblomme het beweeg as gevolg van die wind. Reël 15 – Blomme wat soos kalkoene lyk het ook in die wind beweeg. Reël 17 tot 20 – Die maan het onder gegaan.	Die figuurlike gebruik van die woord.
Metafoor	Strofe 1 – Geel hemp wat vir die maan gegee is, is 'n metafoor vir die geel maan. Strofe 5 – Die maan wat ondergaan. Strofe 6 – Die fantasie en gevoel wat liefde veroorsaak.	'n Ander betekenis aan iets gee. Dit is soos 'n vergelyking maar die woorde "soos", "nes" en "net soos" is NIE daar nie.
Onomatopée / Klanknabootsing	Reël 5 – "Hoepelronde blou-blou lug" Reël 6 – "Kadoemps" Reël 7 – "blink-blou in sy hand gerol" Reël 9 en 10 – "die sterre met hul wit ligte het geknipoog" Reël 11 en 12 – "hul't rondom ons 'n kring getrek soos 'n laer in die nag" Reël 13 – "trom-trompet" Reël 14 – "warrelwindkring" Reël 15 – "die klakoentjie met hul rooi mondjies" Reël 16 – "sprinkaan-wals" Reël 18 – "gaan plat lê op sy rug" Reël 19 – "gaan slaap by die gousblomme" Reël 20 – "met sy boepens in die lug" Reël 22 – "self vir my gesê"	Die woord boots klanke na.
Personifikasie	Reël 10 – "die sterre wat knipoog" Reël 13 en 14 – "die aandblom wat trompet blaas" Reël 15 en 16 – "die kalkoentjies wat sing" Strofe 5 – "die maan wat gaan plat lê en slaap"	Lewelose dinge of diere kry menslike eienskappe.

Stylfiguur	Voorbeeld	Verduideliking
Vergelyking	Reël 13	Iets word met iets ander vergelyk met die woorde "soos", "nes" en "net soos".
Rymtipes	Reëls 2 en 4 van elke strofe het kruisrym.	Kruisrym is waar elke alternatiewe versreël rym – abab, cdcd...
Vers- en Strofepbou	Die gedig het 6 strofes en elke strofe is 'n kwatryn.	Kwatryn is 4 versreëls.

VRAE:

- 1.1. Wat se klere dra die kabouter? (2)
- 1.2. Wat het die kabouter vir die spreker gegee? (1)
- 1.3. Waarvan is dit 'n metafoor? (1)
- 1.4. Wat het die kabouter vir die maan gegee? (1)
- 1.5. Waarvan is dit 'n metafoor? (1)
- 1.6. Wat word die stylfiguur genoem met die woord "gistraand"? (1)
- 1.7. Wat is die funksie hiervan? (1)
- 1.8. Kies die korrekte antwoord.

Die verskynsel wat gebruik word in die tweede strofe staan bekend as...

- a. Metonimia.
 - b. Personifikasie.
 - c. Onomatopee
 - d. Ellips
- 1.9. Haal EEN WOORD aan wat 'n voorbeeld is van die stylfiguur hiperbool uit die gedig. (1)
 - 1.10. Wat word die gedeeltelike of algehele gelykwording van klanke om die by die ritme en die tempo te pas genoem? (1)
 - 1.11. Haal 'n voorbeeld hiervan aan uit die gedig (1).
 - 1.12. Kies die korrekte antwoord in hakies. (1)


Enjambement is waar (een versreël oorloop in die ander sonder veel leestekens / een versreël oorloop in die ander sonder enige leestekens).

- 1.13. Wat is die funksie van die enjambement in die gedig? (1)
- 1.14. Kies die korrekte antwoord en skryf net die nommer en die letter neer.


Waarvan is die herhaling van die "l" klanke in reël 5 is 'n voorbeeld?

- a. Assimilasie.
 - b. Assonansie.
 - c. Alliterasie.
 - d. Personifikasie.
- 1.15. Haal voorbeelde van die assonansie aan uit die gedig en dui dit aan deur die letters te onderstreep. (2)

1.16. Kies die prentjie van die musiekinstrument wat in die gedig genoem word. (1)



1.17. Daar is sprake van 'n tipe dans in die gedig. Watter tydmaat / tempo word met die dans gebruik?



1.18. Pas kolom A by kolom B. Skryf slegs die nommer en die letter neer.

Kolom A		Kolom B	
1.18.1	Reël 1 en 21 – "rooi-rooi"	A	Personifikasie.
1.18.2	Reël 6 – "Kadoemps"	B	Herhaling.
1.18.3	Reël 13 en 14	C	Vergelyking.
1.18.4	Reël 14	D	Inversie.
1.18.5	Reël 11 en 12	E	Onomatopoe.

1.19. Wat is die funksie van die "O" in die laaste reël?

1.20. Wat is die tema van die gedig behalwe dat dit oor liefde gaan? (2)

1.21. Annaliseer die bou van die gedig m.b.t. die strofes en die reëls. (3)

1.22. Wat is die rymskema in die gedig? (2)

MEMORANDUM:

- 1.1. 'n (rooi) pet en 'n (geel) hemp. (2)
- 1.2. Sy hart. (1)
- 1.3. Liefde / Om verlief te wees. (1)
- 1.4. Sy hemp. (1)
- 1.5. Die geel maan. (1)
- 1.6. Elisie. (1)
- 1.7. Dit word so geskryf om te pas by die ritme van die gedig. (1)
- 1.8. C. (1)
- 1.9. "hoepelronde" (1)
- 1.10. Assimilasie. (1)
- 1.11. Hy't OF hul't. (1)
- 1.12. een versreël oorloop in die ander sonder enige leestekens. (1)
- 1.13. Dit versnel die tempo. (1)
- 1.14. C. (1)
- 1.15. Die aandblom het sy trom-trompet OF geblaas in die warrelwinderkring (2)
- 1.16. A is 'n tompet.
- 1.17. C is die tempo van 'n wals.
- 1.18. ...
- 1.18.1. B.
- 1.18.2. E.
- 1.18.3. A.
- 1.18.4. D.
- 1.18.5. C. (5)
- 1.19. Dit wek emosie. / Beklemtoon hoe belangrik liefde is. / Dit beklemtoon die emosie van liefde. (1)
- 1.20. 'n Mens ervaar snaakse goed as mens verlief is. Alles is magies asof dit in 'n sprokie is. (2)
- 1.21. Die gedig het 6 strofes en elke strofe is 'n kwatryn (vier reëls). (3)
- 1.22. Reëls 2 en 4 van elke strofe het kruisrym. (2)